

# Sekelsterte (en roofdiere) vlug voor Jan Gun!

'n Vernuwende oplossing van raadop boere oor skade wat bobbejane aan vrugteboorde en groentelande aanrig, het die landbou aan die gons. Mnr. Ernst van Zyl, wingerd-en-skaapboer van Vredendal, is die skepper van Jan Gun, die fopgeweer-swaaiende, skreeuende mannekyn met 'n lang asem en kort humeur.



Mnr. Ernst van Zyl, ontwerper van Jan Gun, by sy jongste ontwerp.

Die Amerikaners het dalk vir Dirty Harry, maar danksy die vindingrykheid van 'n plaaslike boer kan Suid-Afrika nou spog met Jan Gun!

Dié 1,8 meter hoë, lewensgetroue, outomatiese brandwag hou roofdiere, bobbejane en skelms op hul tone, vertel Jan se ontwerper, mnr. Ernst van Zyl, 'n wingerd-en-skaapboer van Vredendal. As eienaar van Skaapwagter, 'n maatskappy wat verskillende metodes gebruik om roofdiere af te skrik, het Van Zyl se nuwe ontwerp reeds die oë laat rek.

'n Omgesukkelde Jan spreek bobbejane

in 'n kwaai stemtoon aan, mymer soms by homself oor hoe moeilik dit is om heeldag in die warm son te moet staan, haal die einste Dirty Harry aan ("Do you feel lucky, punk?") en trek elke paar minute 'n skoot met sy geweer af.

"Ja, Jan praat verskriklik baie nonsens, maar hy is uiters doeltreffend," sê Van Zyl.

Jan se kwaai stem is dié van Van Zyl self. Die opname is gedoen deur mnr. Kobus Fourie, ook 'n Vredendaller, wat onder meer klaviere stem.

"Ons het aan die gesels geraak oor die probleem, en hy het terstond aangebied om Jan se stem op te neem."



LIGGING

Vredendal,  
Wes-Kaap

Mnr. Pieter du Plessis, 'n plaaslike kunstenaar en beeldhouer, het Jan se gesig uit veselglas gemaak van 'n tekening wat Van Zyl se seun, John, gemaak het. Du Plessis het intussen permanent na Van Zyl se plaas getrek om nog Janne te bou.

## DROOGTE LEER JOU OORLEEF

Ernstige droogtedruk het Van Zyl in dié rigting gestuur om 'n oplossing te vind vir boere wat moeg gesukkel is met roofdiere, bobbejane en diere. "In hierdie lewe is 'n boer seker van twee dinge: droogte en dood, en tussenin maak jy maar planne om die droogte te oorleef."

Bobbejane het groot skade aan sy skaaptrop in die Roggeveldberge naby Calvinia begin aanrig. "Bobbejane rig mos maar groot skade aan, veral sitrusbome en in groenteanplantings, maar in die droogte het hulle later ook lammers begin verskeur en oë vermink. Hulle hardloop weg wanneer jy daar gaan staan met 'n vuurwapen, maar sodra jy in jou bakkie klim, is hulle terug om die lewe moeilik te maak.


"Aanvanklik het ek probeer om my heinings te elektrifiseer, maar die bobbejane het swaerlik leer paalspring, want as jy maar sien, is daar weer moeilikheid by jou skaap-kudde." Van Zyl het daarom begin planne maak om 'n outomatiese brandwag te bou wat die bobbejane bedags en roofdiere snags sou verjaag.

## VERSCHEIE OPSIES

Soos dit 'n goeie wag betaam, kan Jan Gun met verskillende toebehore toegerus word om sy werk nog doeltreffender te doen.

"Jan kom standaard met 'n skietlamp op sy geweer, maar hy kan ook met strale (beams) en 'n kamera toegerus word. Indien die kamera-opsie bygevoeg is, kan jy met die druk van 'n selfoonknoppie die lig aktiveer sodat jy presies kan sien wat om Jan aangaan, selfs in die nag. Jan kan ook deur middel van die selfoon geaktiveer word om te draai en te skiet."

Jan Gun het drie verstellings, naamlik



Jan Gun word onder meer met 'n 600 lumen-skietlamp toegerus om nagsig te verbeter. Boonop dien die skerp lig as verdere afskrikmiddel.



Mnr. Pieter du Plessis in die plaasfabriek op Vredendal. Hy is die man wat Jan Gun in glasvesel laat lewe kry en het boonop in 'n droom die wysie en woorde van Jan Gun se liedjie gekry en opgeneem.

bystandsmodus, waar hy ongeveer elke 10 minute beweeg en 'n paar skote aftrek, alert-modus, waar die tempo verhoog word en Jan elke 5 minute praat, skel en 'n paar skote aftrek, of oorlogsmodus, waar Jan met tot drie bykomstige strale toegerus kan word. Wanneer die strale gebreek word, gaan Jan Gun onmiddellik oor tot aksie. Die strale kan tot 100 m in verskillende rigtings om Jan opgestel word om die beste dekking te bied. Jan stel ook die boer in kennis met 'n SMS wanneer dit gebeur. ("Hier is groot k#k, jy moet dadelik kom," lui die boodskap.)

Jan kry sy onblusbare stamina van 'n gewone 12-volt battery en 'n sonpaneel.

Om te verseker dat Jan se kragtige stem en geweer-skote die sekelsterte duidelik laat verstaan dat hulle onwelkom is, is Jan toegerus met 'n 500 W-klankversterker en twee waterbestande Marine-luidsprekers in sy lyf.

Die frekwensie van Jan se draaibewegings is lukraak, sodat Jan nie op eentonige reëlmaat draai en swaai nie. Jan is ook maklik verskuifbaar, en Van Zyl raai boere aan om hom elke week te verskuif.



Die platform waarop Jan Gun gemonteer is. 'n Kragtige klankversterker help om Jan se stem te laat bulder, terwyl 'n sonkrag-paneel en battery verseker dat hy 24 uur per dag op sy pos is.

Hy sê Jan bied verskeie voordele. "Jy kan hom baie ver sien, en 'n bobbejaan bly so ver weg van Jan as wat hy hom kan sien. As jy dus sy klere en posisie gereeld verander, gaan hulle baie ver weg van hierdie ou bly. Die 600-lumen skietlamp bied uitstekende sigbaarheid in die donker op lang afstande en dit skrik natuurlik ook die roofdiere en

voornemende diere af, want dit lyk en klink of iemand besig is om in die nag te jag."

## 'N MEDIA-SENSASIE

Jan het onlangs tydens 'n ekspo besoekers aan die praat gehad. Video's van hom wat windmaker op sy platform rondraai en wild en wakker met uitroepes soos "Ek kyk rond, ek sien jou, jou maaifoedie!" vorendag kom, terwyl sy geweer ewe ywerig saamgesels, is reeds wyd op sosiale media versprei.

Boonop het Du Plessis in 'n droom 'n wysie en woorde vir 'n Jan Gun-liedjie gekry en opgeneem. "Nou tiekiedraai Jan op die maat van sy eie liedjie."

Jan Gun is duursaam. Met die hoëgehalte-galvaniseerde staal en glasvesel waaruit hy gebou is, is hy ontwerp om dekades lank te hou, sê Van Zyl.

Jan Gun kos R28 000, en die bykomende strale R2 000 elk. **LBW**

NAVRAE: Mnr. Ernst van Zyl, 082 450 6988, e-pos: [ernst@skaapwagters.co.za](mailto:ernst@skaapwagters.co.za); web (vir 'n video): [www.jangun.co.za](http://www.jangun.co.za).



Ná jare van navorsing en toetsing, was Omnia in staat om baie van die geheime van mikrobies te ontsluit.

Dit het gelei tot Bacstim<sup>®</sup>, 'n produk wat teen klein hoeveelhede resultate lewer.

Mikrobies is 'n nie-chemiese, omgewingsvriendelike oplossing wat na verwagting die opbrengste en produktiwiteit van 'n gewas direk sal beïnvloed.

**Bacstim 100**  
High Performance Biology

QR-kode: 

Venessa Moodley  
Hoof van OmniBio™

**omnia**  
NUTRIOLOGY • NUTRILOGIE